REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

# STAATSKOERANT

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

*Registered at the Post Office as a Newspaper* — *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

Selling price • Verkoopprys
(GST excluded/AVB uitgesluit)
Local **70c** Plaaslik
Other countries R1,00 Buitelands
Post free • Posvry

VOL. 309 — CAPE TOWN, 25 MARCH 1991 — KAAPSTAD, 25 MAART 1991 — No. 13105

STATE PRESIDENT'S OFFICE

No. 653. 25 March 1991

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 35 of 1991: Post Office Appropriation Act, 1991.

KANTOOR VAN DIE STAATSPRESIDENT

No. 653. 25 Maart 1991

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 35 van 1991: Poskantoorbegrotingswet, 1991.

# ACT

**To appropriate a sum of money for the requirements of the Department of Posts and Telecommunications in respect of the financial year ending 31 March 1992.**

*(English text signed by the State President.)*
*(Assented to 18 March 1991.)*

BE IT ENACTED by the State President and the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

**Appropriation of moneys for requirements of Department**

**1.** Subject to the provisions of the Post Office Act, 1958 (Act No. 44 of 1958), there are hereby appropriated, as a charge to the Post Office Fund, for the requirements of the Department of Posts and Telecommunications in respect of the financial year ending 31 March 1992, the sums of money set forth in the Schedule.

**Purposes to which moneys shall be applied**

**2.** The moneys appropriated by section 1 shall be applied to the purposes set forth in the Schedule and more particularly specified in Part II of the Estimates of Revenue and Expenditure of the Department of Posts and Telecommunications (R.P. 15-1991), as submitted to and approved by Parliament.

**Limitation on exceeding of certain appropriated amounts**

**3.** Notwithstanding the provisions of section 12F(3) and (4) of the Post Office Act, 1958 (Act No. 44 of 1958), an amount appropriated by this Act for—

*(a)* provision for personal entertainment;
*(b)* the Post Office Sports Association;
*(c)* grants-in-aid and contributions to—
(i) the S.A. Institute of Electrical Engineers;
(ii) the Philatelic Foundation of Southern Africa;
(iii) the University of Pretoria;
(iv) the University of Stellenbosch;
(v) the University of Natal;
(vi) the University of Cape Town;
(vii) the University of the Witwatersrand;
(viii) the Rand Afrikaans University;
(ix) the Potchefstroom University for C.H.E.;
(x) recognized staff associations or organizations for the development of open-air recreational facilities or resorts;
(xi) the Services Golf Club, Pretoria;
(xii) the Post Office Christian Association;
(xiii) the South African Federation of University Engineering Students;
(xiv) various marketing bodies; and
(xv) the S.A. Institute of Organization and Methods,

may not be exceeded otherwise than in accordance with an authority granted under section 12F(5)*(a)* of the Post Office Act, 1958.

**Short title**

**4.** This Act shall be called the Post Office Appropriation Act, 1991.

# WET

**Tot bewilliging van 'n bedrag geld vir die behoeftes van die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese ten opsigte van die boekjaar wat op 31 Maart 1992 eindig.**

*(Engelse teks deur die Staatspresident geteken.)*
*(Goedgekeur op 18 Maart 1991.)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident en die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Bewilliging van geld vir behoeftes van Departement**

**1.** Behoudens die bepalings van die Poswet, 1958 (Wet No. 44 van 1958), word daar hierby bewillig, ten laste van die Poskantoorfonds, vir die behoeftes van die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese ten opsigte van die boekjaar wat op 31 Maart 1992 eindig, die bedrae geld in die Bylae uiteengesit.

**Doeleindes waarvoor geld aangewend moet word**

**2.** Die geld by artikel 1 bewillig, moet aangewend word vir die doeleindes uiteengesit in die Bylae en nader omskryf in Deel II van die Begroting van Inkomste en Uitgawe van die Departement van Pos- en Telekommunikasiewese (R.P. 15-1991), soos aan die Parlement voorgelê en deur hom goedgekeur.

**Beperking op oorskryding van sekere bewilligde bedrae**

**3.** Ondanks die bepalings van artikel 12F(3) en (4) van die Poswet, 1958 (Wet No. 44 van 1958), mag 'n bedrag wat by hierdie Wet bewillig is vir—

- *(a)* persoonlike onthaalvoorsiening;
- *(b)* die Poskantoorsportvereniging;
- *(c)* hulptoelaes en bydraes aan—
  - (i) die S.A. Instituut van Elektrotegniese Ingenieurs;
  - (ii) die Filateliestigting van Suider-Afrika;
  - (iii) die Universiteit van Pretoria;
  - (iv) die Universiteit van Stellenbosch;
  - (v) die Universiteit van Natal;
  - (vi) die Universiteit van Kaapstad;
  - (vii) die Universiteit van die Witwatersrand;
  - (viii) die Randse Afrikaanse Universiteit;
  - (ix) die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.;
  - (x) erkende personeelverenigings of -organisasies vir die ontwikkeling van opelugontspanningsfasiliteite of -oorde.
  - (xi) die Dienstegholfklub, Pretoria;
  - (xii) die Christelike Vereniging van die Poskantoor;
  - (xiii) die Suid-Afrikaanse Federasie van Universiteitsingenieurstudente;
  - (xiv) verskeie bemarkingsinstansies; en
  - (xv) die S.A. Instituut vir Organisasie en Metode,

nie anders as ooreenkomstig 'n magtiging kragtens artikel 12F(5)*(a)* van die Poswet, 1958, verleen, oorskry word nie.

**Kort titel**

**4.** Hierdie Wet heet die Poskantoorbegrotingswet, 1991.

## Schedule

| Subhead No. | Description | Amount |
|---|---|---|
| 1.0 | **Operating expenditure** | R |
| 1.1 | Staff expenses | 3 286 737 000 |
| 1.2 | Material and services | 421 853 000 |
| 1.3 | Accommodation | 211 504 000 |
| 1.4 | Transport | 241 123 000 |
| 1.5 | International commitments | 577 773 000 |
| 1.6 | Services rendered by departments of State, consultants and agents | 39 392 000 |
| 1.7 | Losses | 72 751 000 |
| 1.8 | Printing of telephone directories | 67 000 000 |
| 1.9 | Depreciation of assets | 928 650 000 |
| 1.10 | Financing costs | 1 709 745 000 |
| 1.11 | Miscellaneous | 17 414 000 |
| 2.0 | **Capital expenditure** | |
| 2.1 | Telecommunications (including SAT-2 submarine cable) | 1 648 408 000 |
| 2.2 | Land, buildings and official housing | 146 692 000 |
| 2.3 | Vehicles | 60 000 000 |
| 2.4 | Office, data processing, mailhandling and stores equipment | 84 900 000 |
| 3.0 | **Amounts to be appropriated from operating surplus** | |
| 3.1 | Provision to spread redemption of loans and effect of exchange rate changes over a suitable period | 183 630 000 |
| 3.2 | Staff housing scheme | 1 000 |
| 3.3 | Increase of standard stock capital | 50 000 000 |
| 3.4 | Contribution to Saswitch | 1 000 |
| 3.5 | Contribution towards the development of communications satellite systems | 14 700 000 |
| | TOTAL | 9 762 274 000 |

# Bylae

| Subhoof No. | Beskrywing | Bedrag |
|---|---|---|
| 1.0 | **Bedryfsuitgawe** | R |
| 1.1 | Personeeluitgawe | 3 286 737 000 |
| 1.2 | Materiaal en dienste | 421 853 000 |
| 1.3 | Akkommodasie | 211 504 000 |
| 1.4 | Vervoer | 241 123 000 |
| 1.5 | Internasionale verpligtings | 577 773 000 |
| 1.6 | Dienste deur Staatsdepartemente, konsultante en agente gelewer | 39 392 000 |
| 1.7 | Verliese | 72 751 000 |
| 1.8 | Druk van telefoongidse | 67 000 000 |
| 1.9 | Depresiasie van bates | 928 650 000 |
| 1.10 | Finansieringskoste | 1 709 745 000 |
| 1.11 | Diverse | 17 414 000 |
| 2.0 | **Kapitaaluitgawe** | |
| 2.1 | Telekommunikasie (SAT-2 ondersese kabel ingesluit) | 1 648 408 000 |
| 2.2 | Grond, geboue en amptelike behuising | 146 692 000 |
| 2.3 | Voertuie | 60 000 000 |
| 2.4 | Kantoor-, dataverwerkings-, poshanteer- en voorraadtoerusting | 84 900 000 |
| 3.0 | **Bedrae uit bedryfsurplus aangewend te word** | |
| 3.1 | Voorsiening om delging van lenings en effek van wisselkoersveranderings oor 'n geskikte tydperk te versprei | 183 630 000 |
| 3.2 | Personeelbehuisingskema | 1 000 |
| 3.3 | Verhoging van standaardvoorraadkapitaal | 50 000 000 |
| 3.4 | Bydrae aan Saswitch | 1 000 |
| 3.5 | Bydrae tot die ontwikkeling van kommunikasiesatellietstelsels | 14 700 000 |
| | TOTAAL | 9 762 274 000 |

PRINTED BY CREDA PRESS, CAPE TOWN, FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, TEL. (012) 323-9731 X267—13300
GEDRUK DEUR CREDA PRESS, KAAPSTAD, VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, TEL. (012) 323-9731 X267—13300